OXFORD

AFRIKAANS

# Die draakprinse

Elrien Scheepers

HUISTAAL
NKABV GOEDGEKEUR
GRAAD 7



OXFORD letterkunde vir suider-afrika

# Die draakprinse


Elrien Scheepers

Die leermateriaal vir hierdie novelle is ontwikkel deur
Anneke Butler & Corné Erasmus

Fiksieredigering deur Kobus Geldenhuys

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

Die teorie oor letterkundige aspekte is opgesom in die afdeling **Boustene van ’n novelle** op bladsye 41–46. Jy moet hierdie teorie leer en verstaan hoe om dit op die novelle toe te pas wanneer jy begin om die verhaal te bestudeer nadat jy dit gelees het.



**Boustene van ’n novelle**

**Genre – novelle**

Daar is verskillende **genres** (of tekssoorte) waarin ’n storie vertel kan word. Party stories word vertel in dramavorm, en ander in verhaalvorm. Hierdie storie is ’n prosateks. Dit is langer as ’n kortverhaal en korter as ’n roman. Ons noem dit ’n **novelle**.

**Skrywer**

’n Verhaal word deur ’n **skrywer** geskryf en wanneer ons dit lees, betree ons die skrywer se verbeeldingswêreld.

**Verteller**

Dit is belangrik om te onthou die skrywer (die persoon wat skryf) vertel nie die verhaal nie. Die skrywer besluit op ’n **verteller** om die verhaal te vertel. Wanneer jy die verhaal lees, sal jy agterkom dit word uit ’n sekere perspektief of oogpunt vertel. Hierdie stem wat die verhaal aan jou vertel, word die verteller genoem.

3 Hoe weet jy daar is nou ’n verhouding tussen Brenin en Sabriena?
4 a Aralia kom saam met Miriam binne. Wie is Aralia regtig?
b Hoe het Brenin se ma gelyk?
c Hoekom het sy ma met sy pa getrou?
d Wat was sy regtig?
5 Silas het na sy ma, Rona, geaard. Watter mag het sy vir Silas gegee?
6 Hoe het dit gebeur dat Aralia in Ugar beland het?
7 Die ring het eers aan Rona, Brenin en Silas se ma, behoort.
a Wanneer het Brenin-hulle se pa die ring by haar gevat?
b Vir wie het die pa die ring gegee?
c Hoekom het die pa dit gedoen?
d Wat het Aralia jare gelede met die ring gedoen?
8 Wat het van die maandrake geword?
9 Wat het van Kalem geword?
10 Wat, dink jy, gaan met Brenin en Sabriena gebeur?
11 Klasgesprek: Die tema van die verhaal is die stryd tussen die bose en die goeie. Bespreek die verloop van hierdie stryd deur die verhaal.

**Formele assessering 1** TOTAAL: 20 punte / TYD: 30 minute

Gebruik die voorbeeldvrae hieronder om jou voor te berei vir toetse of die eksamen.

INSTRUKSIES:

- Skryf duidelik en leesbaar.
- Skenk aandag aan taal- en spelfoute.
- Beantwoord AL die vrae.
- Los ’n reël oop tussen elke antwoord.

1 Wie is die verteller in die verhaal? (1)
2 Wat is die tema van die verhaal? (2)
3 Lees die gedeelte uit die verhaal op die volgende bladsy en beantwoord dan die vrae:

Hy sug en loop na die donker kombuis. Daar haal hy ’n botterbrood en ’n paar hande vol gedroogde witpere uit die houttrommel in die hoek, druk dit in sy mantel se diep sakke en tel twee vetkerse van die houttafel op.
Dit voel asof ’n jagmes stadig in Brenin se maag draai. Sal hy Turlog ooit weer sien? Dan maak hy die swaar agterdeur oop en durf die donkernag aan.

a Waarheen is Brenin op pad? (1)
b Waarom is Brenin daarheen op pad? (1)
c Vir wie het Brenin gaan groet voordat hy weg is? (1)

As voorbereiding op **Formele assessering** is daar twee voorbeeldvraestelle aan die einde van die boek ingesluit. Hierdie voorbeelde toets jou kennis van die hele novelle en die letterkundige aspekte. Jy sal gereed wees vir die toets / eksamen as jy hierdie voorbeeldvraestelle vir oefening doen.

Die antwoorde op alle aktiwiteite, vrae en die voorbeeldvraestelle is beskikbaar vir onderwysers. Kontak gerus die uitgewer by www.oxford.co.za

# Wat sê die skrywer?



Elrien Scheepers

“Kyk jy partykeer na jou cool superslim selfoon en wonder oor die wêreld voor Facebook? Wat het tieners toe gedoen? Was daar gediertes wat in ’n kasteel se donker klipgange vir jou lê en wag? Hierdie boek gaan jou wegvoer na ’n plek waar bloedwolwe honger rondsluip en jy maandrake se vlerke hoor klap. Wanneer ek ’n storie skryf, sien ek ’n plek en die tieners wat daar leef. In *Die draakprinse* het ek Brenin op sy skimmelperd sien wegjaag en vir sy lewe vlug, en ek het gesien hoe Silas hom met koue grys oë agterna staar … As jy dapper genoeg is om uit te vind hoe die wrede Silas dinge vir sy broer moeilik maak, begin dadelik lees! Jy gaan ’n nuwe wêreld ontdek in hierdie spannende fantasieverhaal – en die hare in jou nek sal regop staan.”

Hy hardloop in die rigting van die murasie[19] langs die kasteel en gaan staan op sy tone voor ’n vervalle[20] klipvenster.

“Rator! *Lingorr!*” roep hy met ’n fluisterstem. Hy hoor die geritsel van groot vlerke. Uit die donker murasie skuifel[21] ’n maandraak nader. Die horingrige stekels[22] op sy lang nek ratel[23] teen mekaar en die grysblou vel op sy vlerke glim in die maanlig wat deur die venster val.

Brenin steek sy hand uit en streel die dik blougroen vlies wat oor die maandraak se een oog vou. Die draak se skerp kake skuur amper strelend oor sy skouer.

Van al die maandrake is Rator die een wat Brenin die beste ken. Toe hy ’n seuntjie was, het hierdie draak wolhase uit sy hand gevreet.

“Ek gaan jou mis!” Brenin druk sy gesig teen Rator se koue wang en maak sy oë vir ’n oomblik toe.

**Tipografie**
*Lingorr!* is in skuinsdruk en is ’n vreemde woord – dalk ’n soort towertaal.

**Intrige**
Brenin roep ’n maandraak. Horingrige stekels ratel. Grysblou vlerke glim in die maanlig.

**Karakterisering** van Brenin deur wat hy doen – hy gee om, groet Rator en streel hom.



19 **murasie:** ’n ou gebou wat al inmekaar val, ’n ruïne
20 **vervalle:** verwaarloos, bouvallig
21 **skuifel:** skuif-skuif beweeg sonder om die pote ver op te lig
22 **stekels:** skerp uitsteeksels wat soos naalde lyk
23 **ratel:** ’n aanhoudende klapgeluid soos ’n ratel maak